

Saterdag 5 September

Skrifgedeelte: Rut 3:1-9

Fokusgedeelte: Rut 3:1, 9

Die Here se koninkryksplan en verantwoordelike beplanning

Is Naomi se raad aan Rut om by die voete van Boas in te kruip terwyl hy in die nag op die dorsvloer geslaap het, nie 'n bedenklige plan nie? Huiwer dit nie op die grens van onverantwoordelikheid en moontlik selfs van onwelvoeglikheid nie?

Ons moet versigtig wees om nie verkeerde afleidings uit hierdie plan te maak nie. Naomi se plan was nie n t haar eie plan nie. Sy het twee bepalings in die Here se wette aan Israel geken. Die *lossingswet* het gereel dat as erfgrond weens armoede verlore kon gaan, moes die naaste vermoende familielid hierdie grond as *losser* terugkoop sodat dit nie vervreem raak nie (Lev. 25). Die wet van die *swaershuwelik* het bepaal dat as 'n weduwee kinderloos agterbly, moes 'n broer (of naaste familielid) van die oorledene haar as vrou neem. Die eersgebore seun word as die nageslag van die eerste man gereken (Deut. 25).

Met haar plan om te keer dat Elimelek se naam, nageslag en erfdeel verlore gaan, het Naomi in diens van die Here gestaan. In Rut se *bereidwilligheid* om aan die plan gevolg te gee, het sy in *verantwoordelikheid* teenoor die Here opgetree. Dit spreek uit haar fyngekose antwoord – in werklikheid 'n huweliksaansoek – aan Boas se voetenent: “... *brei dan u vleuels oor u dienaars uit, want u is die lossers* ...” (3:9; vgl. 2:12 in aansluiting by Boas se antwoord aan Rut op die graanland). Die Here het deur Naomi en Rut, as instrumente in sy hand, die weg vir die koms van die Messias gebaan.

Hoe raak die ontmoeting van Rut 3 ons? Die Here se (genadige) beskikking en (menslike) verantwoordelikheid is ten nouste aan mekaar verbind. Ons name en erfdeel verkry ter wille van Jesus Christus 'n ereplek in die koninkryk van God. Ons is geroepenes om in *verantwoordelikheid* teenoor die Here te handel en te wandel. En om, “skuilend onder sy vleuels”, *bereidwillig* in diens van Hom te staan.

Kinders van die Here beplan in verantwoordelikheid hiervolgens: “*Ken Hom in alles wat jy doen en Hy sal jou die regte pad laat loop*” (Spr. 3:6).

Sing: Psalm 25-1:2

Ds. EJ Tiemensma (Eddie) (Emeritus)